witwarm aanbod

Ervaar jou eie kosverleidings in Dubai met dié spesiale aanbod van Emirates Holidays. Vir slegs R9 490 per persoon wat deel, kry jy drie nagte in die vierster-Warwick Hotel in 'n de luxe-kamer (gratis opgradering na 'n *de luxe*-suite is onderhewig aan beskikbaarheid).

Die pakket sluit ook in:

➔ Retoer-vlugte (na en van Johannesburg)
➔ Ontbyt daagliks
➔ Retoer- private pendeldienste

Die prys sluit lughawe- en belastingkoste (ongeveer R2 370) en visumkoste (ongeveer R910) uit. Die spesiale aanbod geld vir besprekings tot 25 Junie 2014.

Kontak Emirates Holidays by 0861 040503 of 011 684 1818.

rondrits

Redakteur:
Edwina van der Burg
Tel: 011 713 9538
e-pos: rondrits@media24.com

Volg Rondrits op Facebook en @rondrits1 op Twitter.
Rondrits is nie aanspreeklik vir drukfoute in artikels of advertensies nie.
Rondrits verskyn elke tweede en laaste Sondag van die maand.

➔ Advertensies:
Jacky Nelson (Johannesburg)
Tel: 011 877 6159 | e-pos: jacoline.nelson@media24.com
Charmaine Stoltz (Pretoria)
Tel: 012 485 9208 | e-pos: charmaine.stoltz@rapport.co.za
Luan Erasmus (Kaapstad)
Tel: 021 406 3253 | e-pos: luan.erasmus@media24.com

Padlangs met die redakteur

Die winter is met ons en soos die koue oor die land neersak, begin ons hier by *Rondrits* al hoe meer oor warmer dae en plekke gesels. En omdat ons glo julle doen dieselfde, word hierdie uitgawe gewy aan bestemmings waar warm kuiers 'n belofte is.

Maar voordat ons by die reisstories kom... Baie geluk aan Helgard du Preez, die wenner van ons Mei-fotokompetisie. Helgard, jou prys is binnekort by jou. Op bl. 4 kondig ons die name van ons naaswenners, asook die tema vir ons Junie-kompetisie aan.

By Morrells Boutique Estate, wat soos 'n stukkie Frankryk in die Johannesburgse voorstad Northcliff lyk, het Karla Janse van Vuuren heerlik gesmul en geslaap soos 'n koninklike.

'n Naweek in die Cederberge het Elana Esterhuyse teruggevoer na haar kinderdae en 'n plattelandse bestaan. By die Piekenierskloof Mountain Lodge in Citrusdal het sy 'n plek en sy mense ontdek wat haar laat hunker het na dae van ouds.

In Ou Dubai het Maryke Roberts die geheime van Midde-Oosterse kombuise ontdek. Hoe? Deur 'n eiesoortige kostoer deur sy strate. Wie sou kon dink dat dié plek van wolkekrabbers 'n ander soort lus vir reis in besoekers kan wakker maak?

"Innibos is alles moontlik." Dít is die tema van die Laeveld se gewildste kunstefees wat vanjaar vir die 11de keer in Nelspruit gehou word. Daar is baie om te doen in dié deel van Mpumalanga. Om jou te help beplan, wy ons vier bladsye in dié uitgawe aan die fees.

En dan: Wat is lekkerder as om op 'n koue aand in warm water te ontspan terwyl die sterre bo jou kop wink en jou spiere een vir een ontdooi? Vir my is die antwoord: "Min dinge." Lauren Morling se lys van gunsteling-warmwaterbronne in Suid-Afrika is dus so reg in my kraal.

Tot volgende keer, veilig rits!

Edwina

Morrells Estate – bl.5
Piekenierskloof – bl.6
Eet in Dubai – bl.8
InniBos – bl.11
Warmbronne – bl.16

op die web

➔ **Waar is die slegste plek waar jy oornag het?**
Quentin Oosthuizen: 'n Polisiesel op Mariental in Namibië. Ek het van die destydse Transvaal af Grootfontein toe gery en wou daar slaap om geld te spaar. Dom besluit.
André Olivier: 'n Deurgangskamp in Grootfontein. Weermagdae. Ha-ha.
➔ **Hoe beplan jy 'n reis? Deur middel van die internet, toeroperateur of op aanbeveling van vriende en familie?**
Amanda van Blerk: Definitief die internet, asook publikasies soos *Rondrits*, *Weg!* en *Wegry*. Is besig met so 'n roete vir volgende jaar.
➔ **Watter strand (in die wêreld) is vir jou die lekkerste?**
Mariaan Vorster: Bloubergstrand!
Surika van Dyk Kroese: Strandfontein - hier in ons eie land, Suid-Afrika. Pragtig!
Charles Binoir: South Beach in Fremantle in Australië.
Alberto Conradie: Gourits en Blouberg.
Lindy Bothma: Santorini, Griekeland.
Amanda E. de Beer: Ek was nou al op 'n hele paar strande in die wêreld. Van al die strande in die wêreld bly die Suid-Afrikaanse strande die mooiste.
Annelize du Preez: Phuket, Thailand.
Mathilda de Jong-Scheepers: Die Maledive-eilande.
Amanda van Blerk: Nungwi, Zanzibar.
Amanda Boltman: Jacobsbaai, Weskus.
➔ **Watter soort daguitstappie is vir jou die lekkerste?**
Juanita Kruger Swart: Partykeer raak alles net te veel in die stad! Dis hoekom ons dit 'n inding maak om vir eendag 'n maand net rivier toe te gaan (Silwervis in Brits).

Village & Life's
Waterfront VILLAGE
Oornag in SA se mees gesogte bestemming
In die V&A Waterfront
www.waterfrontvillage.com
☎ 021 421 5040
Luukse 1, 2 en 3 slaapkamer eenhede beskikbaar

Gertjie geniet sy melk. | FOTO: VERSKAF DEUR HESC

Gertjie waak by dooie ma

Die Hoedspruit-sentrum vir bedreigde spesies (HESC) het op 7 Mei 'n baie spesiale kalfie aangeneem: 'n drie maande oue babarenostertjie. Hy is na die HESC gebring nadat hy langs sy dooie ma gevind is wat wreedaardig van haar horing gestroop is.

Om die kalfie van sy ma se karkas weg te kry, was baie hartroerend omdat hy sy ma nie wou verlaat nie en die heeltyd geluide gemaak het sodat sy ma moet opstaan.

Dr. Peter Rogers van Provet het gehelp om die kalfie te verdoof en hom met groot sorg na die HESC te bring.

Ondanks sy angskrete het sy eerste aand by die HESC baie goed verloop. Gertjie, soos hy nou bekend staan, het die hele aand naby die kurator, Christo Schreiber, en sy surrogaatma, "Skaap", gebly. Dit gaan tans baie goed met klein Gertjie.

Die HESC het oor die jare heelwat beseerde en weesdiere suksesvol gerehabiliteer. Die sentrum is hoopvol dat Gertjie se geval ook 'n gelukkige einde sal hê.

Enigiemand wat 'n donasie wil maak, kan Mari Theunissen by 012 460 5605 bel of stuur 'n e-pos na info@cheetahcentre.co.za.

Die HESC het ook 'n betroubare bankskakel vir donasies: http://hesc.co.za/hesc_adoptions/adoptions_.php.